6. (1) 'n Oordraende provinsiale beampte kan die oordrag van 'n voorwaardelike toekenning aan 'n munisipaliteit of enige gedeelte van so 'n toekenning vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae weerhou indien—

- (a) die munisipaliteit nie voldoen aan die voorwaardes waaraan die toekenning ingevolge die betrokke raamwerk onderhewig is nie; of 10
- (b) uitgawes op vorige oordragte gedurende die munisipale boekjaar beduidende onderbesteding aantoon waarvoor geen bevredigende verduideliking gegee is nie.

(2) 'n Oordraende provinsiale beampte moet, ten minste sewe dae of die korter tydperk wat die Provinsiale Tesourie goedkeur, voor die weerhouding van 'n toekenning ingevolge subartikel (1)—

- (a) die betrokke munisipaliteit—
  - (i) skriftelik kennis gee van sy of haar voorneme om die toekenning te weerhou; en 20
  - (ii) 'n geleentheid gee om binne daardie sewe dae of daardie korter tydperk skriftelike verdoë in te dien wat betref waarom die toekenning nie weerhou behoort te word nie; en
- (b) die Provinsiale Tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering inlig van sy of haar voorneme om die toekenning te weerhou. 25

(3) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (2) moet die redes vir die weerhouding van die toekenning en die voorgename duur van die weerhouding insluit.

(4)(a) Die Provinsiale Tesourie kan, wanneer 'n oordraende provinsiale beampte 'n toekenning ingevolge subartikel (1) weerhou, daardie beampte opdrag gee of 'n versoek van daardie beampte toestaan dat 'n toekenning weerhou word vir 'n tydperk van langer as 30 dae, maar hoogstens 120 dae, indien die weerhouding— 30

- (i) voldoening aan die voorwaardes waaraan die toekenning onderhewig is, vergemaklik; of
- (ii) die risiko van onderbesteding verminder. 35

(b) 'n Oordraende provinsiale beampte moet, wanneer die weerhouding van 'n toekenning soos beoog in paragraaf (a) versoek word, die Provinsiale Tesourie voorsien van bewys van voldoening aan subartikel (2) en 'n afskrif van alle verdoë ontvang van die betrokke munisipaliteit.

(c) Die oordraende provinsiale beampte moet weer aan subartikel (2) voldoen 40 wanneer die Provinsiale Tesourie ingevolge paragraaf (a) opdrag gee of 'n versoek toestaan dat 'n toekenning weerhou word.

### Staking van voorwaardelike toekennings

7. (1) Ondanks artikel 6 kan die Provinsiale Tesourie, na goeddunke of op versoek van 'n oordraende provinsiale beampte, die oordrag van 'n voorwaardelike toekenning aan 'n munisipaliteit of enige gedeelte van so 'n toekenning staak— 45

- (a) op grond van volgehoue en wesenlike oortreding van die voorwaardes waaraan die toekenning onderhewig is ingevolge die betrokke raamwerk; of
- (b) indien die Provinsiale Tesourie voorsien dat die munisipaliteit in die lopende munisipale boekjaar aansienlik sal onderbestee op die betrokke program of toekenning. 50

(2) Die Provinsiale Tesourie moet voordat 'n toekenning ingevolge hierdie artikel gestaak word—

- (a) aan die betrokke munisipaliteit—
  - (i) 21 dae skriftelike kennis gee van die voorneme om die toekenning te staak; en 55
  - (ii) 'n geleentheid gee om binne daardie 21 dae skriftelike verdoë in te dien wat betref waarom die oordrag van die toekenning of 'n gedeelte daarvan nie gestaak behoort te word nie; en

- (b) die provinsiale minister verantwoordelik vir die provinsiale departement wat die voorwaardelike toekenning oordra, raadpleeg.
- (3) Die Provinsiale Tesourie moet, waar dit 'n toekenning ingevolge subartikel (1) staak, 'n kennisgewing van die staking, tesame met 'n verduidelikende memorandum, in die *Provinsiale Koerant* publiseer. 5
- (4) Die Provinsiale Minister moet van die staking van die toekenning verslag doen aan—
- (a) die Ouditeur-generaal; en
- (b) die Provinsiale Parlement by die tertafellegging van die volgende begrotingswetgewing in die Provinsiale Parlement. 10

### **Hertoekenning na staking van toekenning aan munisipaliteit**

8. Die Provinsiale Tesourie kan, waar dit 'n toekenning ingevolge artikel 7 staak, na oorlegpleging met die oordraende provinsiale beampte en onderhewig aan die “Division of Revenue Act”, bepaal dat die toekenning of enige gedeelte daarvan hertoegewys word aan een of meer munisipaliteite op voorwaarde dat die toekenning in die lopende of die volgende munisipale boekjaar bestee moet word. 15

### **Oordragte foutiewelik oorbetaal**

9. (1) Die oordrag van 'n toekenning wat foutiewelik aan 'n munisipaliteit gedoen is, word beskou as nie regmatig aan daardie munisipaliteit verskuldig nie.
- (2) 'n Oordrag beoog in subartikel (1) moet sonder versuim deur die verantwoordelike oordraende provinsiale beampte verhaal word. 20
- (3) Ondanks subartikel (2) kan die Provinsiale Tesourie opdrag gee dat die verhaling beoog in subartikel (2) teweeggebring word deur verrekening teen toekomstige oordragte wat die munisipaliteit toekom.

### **Onbestede voorwaardelike toekennings** 25

10. (1) Onderhewig aan die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur en die “Division of Revenue Act”, val enige voorwaardelike toekenning wat nie teen die einde van 'n munisipale boekjaar deur 'n munisipaliteit bestee is nie, terug op die Provinsiale Inkomstefonds, tensy die betrokke munisipale ontvangsbeampte tot die bevrediging van die Provinsiale Tesourie en die oordraende provinsiale beampte kan bewys dat die onbestede toekenning vir identifiseerbare projekte bestem is. 30
- (2) Die Provinsiale Tesourie kan, op die versoek van 'n oordraende provinsiale beampte of 'n munisipaliteit beoog in subartikel (1), goedkeuring verleen dat die voorwaardelike toekenning deur die munisipaliteit behou word vir besteding in die volgende munisipale boekjaar. 35
- (3) Enige fondse wat ingevolge subartikel (1) op die Provinsiale Inkomstefonds moet terugval en wat nie ingevolge subartikel (2) deur die Provinsiale Tesourie goedgekeur is om behou te word nie, moet deur die munisipaliteit aan die Provinsiale Inkomstefonds terugbetaal word. 40
- (4) Die Provinsiale Tesourie kan enige fondse wat ingevolge subartikels (1) en (3) aan die Provinsiale Inkomstefonds terugbetaal moet word maar wat nog nie terugbetaal is nie, ooreenkomstig subartikel (5) verreken teen toekomstige voorwaardelike toekennings aan daardie munisipaliteit.
- (5) Voordat die Provinsiale Tesourie enige bedrae teen toekomstige voorwaardelike toekennings aan 'n munisipaliteit ingevolge subartikel (4) verreken, moet die Provinsiale Tesourie die betrokke oordraende provinsiale beampte en munisipale ontvangsbeampte—
- (a) skriftelik kennis gee van sy voorneme om bedrae te verreken teen naderende voorwaardelike toekennings; en 50
- (b) 'n geleentheid gee om, binne 14 dae vanaf ontvangs van die kennisgewing bedoel in paragraaf (a)—
- (i) skriftelike verhoë in te dien wat tot die bevrediging van die Provinsiale Tesourie bewys dat die onbestede voorwaardelike toekenning óf ooreenkomstig die tersaaklike raamwerk bestee is óf vir identifiseerbare projekte bestem is; 55

- (ii) ander middele voor te stel wat aanvaarbaar is vir die Provinsiale Tesourie, waardeur die onbestede voorwaardelike toekennings aan die Provinsiale Inkomstefonds terugbetaal kan word; en
- (iii) 'n alternatiewe betalingsreëling voor te stel ingevolge waarvan die onbestede voorwaardelike toekennings aan die Provinsiale Inkomstefonds terugbetaal sal word. 5

(6) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (5) moet die voorgenome bedrag wat teen toekennings verreken staan te word, en die redes vir die verrekening van die bedrae insluit.

**Kort titel**

10

**11.** Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Begrotingswet, 2017.

**BYLAE**  
(As 'n las teen die Provinsiale Inkomstefonds)

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
1	Premier	R'000 1 440 749	R'000 599 448	R'000 772 332	R'000	R'000 16 435	R'000 52 534	R'000	R'000 939 159
2	Provinsiale Parlement	137 715	64 917	28 723		41 298	2 777		
3	Provinsiale Tesourie	308 184	185 665	63 992		53 867	4 660		201 742
4	Gemeenskapsveiligheid	302 056	144 915	88 486		62 570	6 085		156 100
5	Onderwys	20 629 914	15 398 337	2 223 406		1 929 859	1 072 871	5 441	17 344 161
6	Gesondheid	21 679 806	12 807 510	6 932 779		1 225 773	713 744		18 472 001
7	Maatskaplike Ontwikkeling	2 106 974	752 769	183 896		1 138 533	31 776		845 587
8	Menslike Nedersettings	2 536 087	213 835	55 807		2 260 030	6 100	315	2 513 031
9	Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning	591 570	205 851	63 754		316 868	5 097		256 798
10	Vervoer en Openbare Werke	7 426 579	812 123	1 951 866		1 611 948	3 050 592	50	5 133 020
11	Landbou	795 179	372 399	165 471		238 249	19 060		595 997
12	Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme	427 345	125 655	117 530		179 613	4 547		243 198
13	Kultuursake en Sport	725 049	201 415	151 497		362 823	9 314		525 705
14	Plaaslike Regering	249 206	158 080	41 263		46 596	3 022	245	199 114
		<b>59 356 413</b>	<b>32 042 919</b>	<b>12 840 802</b>		<b>9 484 462</b>	<b>4 982 179</b>	<b>6 051</b>	<b>47 425 613</b>

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
1	<p><b>Departement van die Premier</b></p> <p><i>Doel: Om goeie bestuur vas te lê en om geïntegreerde dienslewering in die Wes-Kaap in staat te stel deur middel van vennootskappe, vernuwing en uitnemende mense.</i></p> <p>Begrotingspos 1: Departement van die Premier</p> <p><i>Geoormerkte toekenning: Vergoeding van werknemers boonste limiet (Departement spesifiek) uitgesluit prioriteitsvergoeding van werknemers vir die Eenheid vir die lewering van ondersteuning in Program 1 en die BreëbandProjek in Program 4.</i></p>	R'000 <b>1 440 749</b>	R'000 <b>599 448</b>	R'000 <b>772 332</b>	R'000	R'000 <b>16 435</b>	R'000 <b>52 534</b>	R'000	R'000 <b>939 159</b>
	<p>1 Uitvoerende Steun (Administrasie)</p> <p><i>Om uitvoerende regeringsondersteuningsdienste te verleen.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Geoormerkte toekenning: Vergoeding van werknemers boonste limiet: Eenheid vir die lewering van ondersteuning</i></p> <p><i>Geoormerkte toekenning: Eenheid vir die lewering van ondersteuning</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Departementele agentskappe en rekeninge</i></p> <p><i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i></p>	105 376	86 457	17 406		6	1 507		
	<p>2 Provinsiale Strategiese Bestuur</p> <p><i>Om beleids- en strategiese ondersteuning sowel as strategiese bestuursinligting te voorsien en om strategiese projekte te koördineer deur middel van vennootskappe en strategiese verbintenisse.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Geoormerkte toekenning: Naskoolse spelwisselaar</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Departementele agentskappe en rekeninge</i></p> <p><i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i></p> <p><i>Organisasies sonder winsoogmerk</i></p> <p><i>Kaapse konsortium vir hoër onderwys: Versterk bydrae van hoër onderwys aan die provinsiale ekonomie.</i></p> <p><i>Geskenke en donasies: Verskeie projekte volgens versoek.</i></p>	59 188	43 393	14 419		904	472		
						6			10 190
									2 629
									950
						4			
						500			
						400			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
3	Mensebestuur (Korporatiewe Dienssentrum) <i>Om 'n dwarsleggende mensebestuursdiens te verleen, bestaande uit organisatoriese ontwikkeling, opleiding en bemagtiging, en mensepraktyke.</i>  <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>	215 066	164 046	48 902		16	2 102		
4	Sentrum vir E-innovering (Korporatiewe Dienssentrum) <i>Om deur middel van inligtingskommunikasietegnologie diensuitnemendheid vir die mense van die Wes-Kaap in staat te stel.</i>  <i>Waarvan</i> <i>Geoormerkte toekenning: Vergoeding van werknemers boonste limiet: Breëbandprojek</i>  <i>Geoormerkte toekenning: Breëbandprojek</i> <i>Geoormerkte toekenning: ICT Infrastruktuur vir ander Begrotingsposte</i>  <i>Geoormerkte toekenning: Breëband vir munisipaliteite</i>  Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>  <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Besigheidshoekies by biblioteke: Vestiging en onderhoud van e-sentrums</i>	934 229	198 453	672 632		15 506	47 638		18 073
						6			310 689
						15 500			10 443
									15 000
5	Korporatiewe Sekerheid (Korporatiewe Dienssentrum) <i>Om ondernemingsrisikobestuurs-, interne audit-, provinsiale forensiese, regs- en korporatiewe kommunikasiedienste te verleen.</i>  <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>	126 890	107 099	18 973		3	815		
						3			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
2	<b>Provinsiale Parlement</b>  <i>Doel: Om gehalte-parlementêre en korporatiewe ondersteuning te verskaf om Lede in staat te stel om hul grondwetlike funksies te verwesenlik en openbare betrokkenheid in parlementêre bedrywighede te fasiliteer deur:</i>  <i>Ondersteuning van gehalte aan die Huis en komitees te voorsien.</i> <i>Openbare toegang en deelname in die wetgewende en toesigprosesse te bevorder.</i> <i>Doeltreffende kommunikasie met alle belanghebbendes te verseker.</i> <i>Deursigtige en sinergistiese parlementêre prosesse en stelsels te verseker.</i> <i>In personeel met toepaslike vaardighede te belê.</i> <i>'n Veilige omgewing te verskaf wat bevorderlik is om Lede en personeel te bemagtig.</i> <i>Goeie korporatiewe regeringstelsels en monitormeganismes te implementeer en na te kom.</i> <i>Hulpbronne doeltreffend, doelmatig en ekonomies te bestuur.</i>	R'000 137 715	R'000 64 917	R'000 28 723	R'000 41 298	R'000 2 777	R'000	R'000	
	1 Administrasie  <i>Om strategiese bestuur van die instelling en die lewering van regeringsbestuurspraktyke en korporatiewe steundienste aan die Provinsiale Parlement te voorsien.</i>  <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>  <i>Huishoudings</i> <i>Geskenke en donasies:</i> <i>Bestuursaansporingsbelonings</i>	65 462	45 533	17 081	71	2 777			
					25				
					46				

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
	2 Fasiliteite vir Lede en politieke partye <i>Om aan Lede en politieke partye bemagtigingsfasiliteite en voordele te voorsien.</i>  <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Buitelandse regerings en internasionale organisasies</i>  <i>Ledegeld: Parlementêre Vereniging van die Statebond</i>  <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Politieke partye: Sekretariële en kiesafdelingstoelaes</i>  <i>Huishoudings</i> <i>Werknemersbystandsvoordele:</i> <i>Aftreevoordele vir lede</i>	47 225		6 030		41 195			
	3 Parlementêre dienste <i>Om doeltreffende prosedurele en verwante ondersteuning aan die Huis en komitees te verskaf en om openbare deelname te fasiliteer.</i>  <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Huishoudings</i> <i>Geskenke en donasies:</i> <i>Bestuursaansporingsbelonings</i>	25 028	19 384	5 612		32			
						263			
						39 545			
						1 387			
						32			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
3	<b>Provinsiale Tesourie</b> <i>Doel: Om staatsbestuur te verbeter deur:</i> <i>Versterking van rekenpligtigheid en oorsig;</i> <i>Skepping van openbare waardes;</i> <i>Geleenthede te skep vir die lewering van kwaliteitsdienste deur vennootskappe; en</i> <i>Kapasiteit te bou in openbare sektor finansies.</i>	R'000 308 184	R'000 185 665	R'000 63 992	R'000	R'000 53 867	R'000 4 660	R'000	R'000 201 742
	Begrotingspos 3: Provinsiale Tesourie <i>Geoormerkte toekenning: Totale vergoeding van werknemers boonste limiet (Begrotingspos spesifiek)</i> <i>Geoormerkte toekenning: Totale vergoeding van werknemers boonste limiet (Provinsiale Finansiële Kapasiteitsbou)</i>								168 509
	1 Administrasie <i>Om strategiese rigtinggewing en gehalte finansiële en ander steundienste aan die Minister en Hoof van die Departement te voorsien.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge: Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i> <i>Huishoudings: Werknemersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie</i> <i>Huishoudings: Beurse betaalbaar aan nuwewerke</i> <i>Huishoudings: Donasies en geskenke (kontant)</i>	64 825	43 404	13 612		3 298	4 511		17 156
						4			
						268			
						2 858			
						168			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
2	<p>Volhoubare Hulpbronbestuur</p> <p><i>Om die doeltreffende en doelmatige bestuur van provinsiale en munisipale finansiële hulpbronne te verseker.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Geoormerkte toekennings: Munisipale bystand (versterking van staatsbestuur)</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Provinsies en munisipaliteite:</i></p> <p><i>Munisipaliteite: Om finansiële bystand aan munisipaliteite te verskaf om algehele finansiële staatsbestuur in munisipaliteite te verbeter, insluitende die optimalisering en bestuur van inkomste, die verbetering van die geloofwaardigheid en verantwoordbaarheid van munisipale begrotings, die verbetering van munisipale oudit-uitkomst en die aanspreek van institusionele uitdagings.</i></p> <p><i>Departementele agentskappe en rekeninge:</i></p> <p><i>Wes-Kaapse Raad op Dobbelay en Wedrenne</i></p>	R'000 140 563	R'000 72 026	R'000 18 164	R'000	R'000 50 373	R'000	R'000	R'000 16 077
3	<p>Batebestuur</p> <p><i>Om beleidsrigtinggewing te verleen, en om die bestuur van provinsiale finansiële stelsels, roerende bates en voorsieningskettingbestuur binne die provinsiale en munisipale sfeer te fasiliteer en toe te pas.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Huishoudings:</i></p> <p><i>Werknemersbystandsvoordele:</i></p> <p><i>Verlofgratifikasie</i></p>	59 820	38 298	21 326		196			
4	<p>Finansiële Staatsbestuur</p> <p><i>Om rekenpligtigheid en finansiële staatsbestuur binne departemente, entiteite en munisipaliteite te bevorder.</i></p>	42 976	31 937	10 890			149		



Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	<p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Departementele agentskappe</i></p> <p><i>Uitgebreide Openbarewerk-program - werkloosheidsversekeringsfonds</i></p> <p><i>Organisasies sonder winsoogmerk</i></p> <p><i>Alkoholmisbruik ondermyn die vermindering van alkoholverwante probleme ('Alcohol harms reduction') program</i></p> <p><i>Naskoolse spelwisselaar</i></p> <p><i>Huishoudings</i></p> <p><i>Uitgebreide Vennootskapsprogram - Gemeenskapspolisieforums</i></p>	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
						396			
						1 040			
						1 295			
						4 500			
	<p>3 Provinsiale Polisiëringfunksies</p> <p><i>Om te help met die implementering van die grondwetlike mandaat wat aan die provinsies gegee is, in gevolge hul rol in die bevordering van goeie verhoudinge tussen gemeenskappe en die polisie deur sy gemeenskapsinklusiewe benadering en om te verseker dat alle diensleweringsklagtes oor polisiëring in die provinsie onafhanklik en effektief aangespreek word.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Geoomerkte toekenning:</i></p> <p><i>Gemeenskap Stabiliseringseenheid</i></p>	46 054	8 269	19 576	17 656	553			
	<p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Provinsies en munisipaliteite</i></p> <p><i>Gemeenskap Stabiliseringseenheid</i></p> <p><i>Organisasies sonder winsoogmerk</i></p> <p><i>Jeugveiligheidsprogram</i></p> <p><i>Huishoudings</i></p> <p><i>Projek Chrysalis-fonds: Wes-Kaap</i></p>							3 500	
						3 500			
						3 670			
						10 486			
	<p>4 Sekuriteitsrisikobestuur</p> <p><i>Om 'n regering as 'n geheel' benadering in werking te stel tot die bou van meer veerkragtige instellings en om gemeenskappe te bemagtig om groter veiligheid te bevorder.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Departementele agentskappe</i></p> <p><i>Kommunikasie: Lisensies</i></p>	99 715	51 205	46 002	2	2 506			
						2			





Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofdelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	Oordragte en subsidies	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
	<i>Departementele agentskappe en rekeninge</i>								
	<i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>					3			
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>								
	<i>Artikel 21 norme en standaarde</i>					595 212			
	<i>Artikel 21 skoolgelde</i>					102 612			
	<i>Nie-artikel 21 instandhouding en munisipale dienste</i>					71 288			
	<i>Nie-artikel 21 skoolgelde</i>					38 196			
	<i>Vergoeding vir skoolgeldvrystellings</i>					50 417			
	<i>Om openbare skole te help om hulle institusionele aktiwiteite uit te voer</i>					157 969			
	<i>Toerusting vir mobiele kombuis. Stipendium vir vrywilliger/voedselhanteerder. Vrugte- en groente-loodsprogram</i>					40 651			
	<i>Stipendiums vir voedseltuiniers, tuinkompetisies en tuintoerusting</i>					3 124			
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Werknemersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie</i>					28 856			
	3 Subsidies aan Onafhanklike Skole	107 578				107 578			
	<i>Om onafhanklike skole te ondersteun ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996.</i>								
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>								
	<i>Beheerliggame van geregistreerde onafhanklike skole</i>					107 578			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	<p>4 Openbare Spesiale Skoolonderrig</p> <p><i>Om verpligte openbare onderrig aan spesiale skole te voorsien ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 en Witskrif 6. Ingesluit E-onderwys en inklusiewe onderrig.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Nasionale voorwaardelike toekennings:</i></p> <p><i>Leorders met Ernstige Intellektuele Gestremdhede</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Organisasies sonder winsoogmerk</i></p> <p><i>Beheerliggame van openbare spesiale skole</i></p> <p><i>Huishoudings</i></p> <p><i>Werknemersbystandsvoordele:</i></p> <p><i>Verlofgratifikasie</i></p>	R'000 1 245 542	R'000 1 049 271	R'000 40 935	R'000	R'000 151 024	R'000 4 312	R'000	R'000 11 874
	<p>5 Vroeë-kinderontwikkeling</p> <p><i>Om Vroeë-kinderontwikkeling (VKO) aan die Graad R vlak te voorsien in ooreenstemming met Onderwys Witskrif 5: Vroeë-kinderontwikkeling: Die aanspreek van behoeftes in Vroeë-kinderontwikkeling in Suid-Afrika (Mei 2001). E-onderwys word ook ingesluit.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Nasionale voorwaardelike toekenning:</i></p> <p><i>Maatskaplike Sektor Uitgebreide Openbare Werke Program (UOWP)</i></p> <p><i>Aansporingstoekennings aan Provinsies</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Organisasies sonder winsoogmerk</i></p> <p><i>Beheerliggame van openbare skole en VKO-sentrums en beurse aan studente</i></p> <p><i>Huishoudings</i></p> <p><i>Werknemersbystandsvoordele:</i></p> <p><i>Verlofgratifikasie</i></p>	R'000 687 518	R'000 164 137	R'000 47 284	R'000	R'000 476 097			R'000 5 119



Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofdelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
<b>6</b>	<b>Gesondheid</b> <i>Doel: Ons onderneem om gelyke toegang tot gesondheidsdienste van gehalte in vennootskap met die toepaslike rolspelers binne 'n gebalanseerde en goedbestuurde gesondheidstelsel aan die mense van die Wes-Kaap en verder te lewer.</i>	R'000 <b>21 679 806</b>	R'000 <b>12 807 510</b>	R'000 <b>6 932 779</b>	R'000	R'000 <b>1 225 773</b>	R'000 <b>713 744</b>	R'000	R'000 <b>18 472 001</b>
	Begrotingspos 6: Gesondheid <i>Geoormerkte toekenning: Totale vergoeding van werknemers boonste limiet</i>								12 807 510
	1 Administrasie <i>Om die strategiese bestuur en algehele administrasie van die Departement te behartig.</i>  <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i>  <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>  <i>Huishoudings</i> <i>Werknemerbystandvoordele</i> <i>Ander oordragte na huishoudings: Eise teen die staat</i>	858 793	342 249	382 023		103 728	30 793		
	2 Distriksgesondheidsdienste <i>Om fasiliteitsgebaseerde distriksgesondheidsdienste (by klinieke, gemeenskapsgesondheidsentrums en distriks hospitale) en gemeenskapsgebaseerde distriksgesondheidsdienste (GGD) aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer.</i>  <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Omvattende toekenning ten opsigte van MIV, Vigs en tuberkulose</i>  <i>Geoormerkte toekennings: Vermindering in alkohol vewante skade spelwisselaar</i>	8 719 001	4 745 262	2 964 792		922 068	86 879		1 454 773  2 292

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	Oordragte en subsidies	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
	<i>Provinsies en munisipaliteite</i>								
	<i>Stad Kaapstad: Primêre gesondheidsorgdienste</i>					520 665			
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>								
	<i>Gemeenskapsgesondheidsklinieke: Entstowwe en tuberkulose-behandeling</i>					2 017			
	<i>Booth Memorial: Intermediêre sorgfasiliteit - volwassenes</i>					24 471			
	<i>Sarah Fox: Intermediêre sorgfasiliteit - kinders</i>					10 945			
	<i>Gemeenskapsgebaseerde dienste, ensovoorts.</i>					72 499			
	<i>MIV en Vigs: Antiretrovirale behandeling</i>					184 336			
	<i>Voeding: Voedingsprogram</i>					3 095			
	<i>Gehoorkeuringsrehabilitasiewerkers en mentorskap in spraak- taal- en oudiologiese dienste vir kinders (Carl du Toit en Philani)</i>					1 558			
	<i>Gesondheidsprogramme: Sosiale Impak Verbande om prestasie van Gemeenskapsgesondheidswerkers wat werksaam is by Nie-Regeringsorganisasies wat deur Gemeenskapsgebaseerde Dienste gefinansier word, te meet en te verbeter</i>					3 239			
	<i>Gesondheidsprogramme: Alkohol vewante skade spelwisselaar – om alkohol- verwante skade te verminder en om psigososiale ondersteuning in die Wes-Kaap te verskaf</i>					1 439			
	<i>Globale Fonds: Verskaf MIV en Vigs en tuberkulose-behandeling</i>					72 793			
	<i>Gesondheidsprogramme: Vang en Pas om die uitkoms van moeder- en kindergesondheid in die eerste 1 000 dae te verbeter.</i>					2 320			
	<i>Welstandstrategie om te fokus op gesonde leefstylkeuses om chroniese leefstylsiektes te voorkom en te beheer, veilige en gesonde swangerskappe en grootmaak van kinders, en vermindering van skadelike persoonlike gedrag.</i>					5 730			
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Werknemerbystandsvoordele</i>					16 460			
	<i>Ander oordragte na huishoudings: Eise teen die staat</i>					501			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
3	Mediese Nooddienste <i>Om mediese nooddienste voor hospitalisasie te lewer, insluitende oorplasinge tussen hospitale en beplande pasiëntvervoer; sowel as kliniese bestuur en koördinasie van noodmedisyne binne die provinsiale Gesondheidsdepartement.</i>  <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Huishoudings</i> Werknemerbystandsvoordele	1 034 454	639 948	310 003		705	83 798		
4	Provinsiale Hospitaaldienste <i>Om 'n hospitaaldiens te lewer wat toeganklik, geskik en doeltreffend is en algemene spesialisdiens verskaf, insluitend 'n gespesialiseerde rehabilitasiediens, tandheelkundediens en psigiatrisse diens asook om 'n platform vir die opleiding van professionele gesondheidswerkers te skep en navorsing uit te voer.</i>  <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning:</i> Opleiding en ontwikkeling vir gesondheidsberoepes  Oordragte en subsidies <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Vir die befondsing van tuisversorging (Open Circle en Hurdy Gurdy) vir persone met outisme of intellektuele gestremtheid en met uitdagende gedrag.</i>  <i>Huishoudings</i> Werknemerbystandsvoordele Ander oordragte na huishoudings: Eise teen die staat	3 419 143	2 467 122	905 228		17 069	29 724		161 095
5	Sentrale Gesondheidsdienste <i>Om tersiêre en kwaternêre gesondheidsdienste te voorsien en 'n platform vir die opleiding van gesondheidswerkers en navorsing daar te stel.</i>  <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning:</i> Opleiding en ontwikkeling vir gesondheidsberoepes  <i>Nasionale voorwaardelike toekenning:</i> Nasionale tersiêre dienste  Oordragte en subsidies <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Maitland Cottage: Pediatriese ortopediese hospitaal</i>  <i>Huishoudings</i> Werknemerbystandsvoordele	6 077 400	4 162 094	1 831 902		29 160	54 244		381 605
						11 597			2 876 410
						17 563			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
6	<p>Gesondheidswetenskappe en Opleiding</p> <p><i>Om opleiding en ontwikkelingsgeleenthede aan werklike en potensiële werknemers van die Departement te skep.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Maatskaplike sektor uitgebreide openbarewerk-program aansparingstoelaag vir Provinsies</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Departementele agentskappe en rekeninge</i></p> <p><i>Gesondheid- en Welsynsektor Onderwys- en Opleidingsowerheid (SETA)</i></p> <p><i>Hoëronderwysinstellings</i></p> <p><i>Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie: Verpleegstersopleiding</i></p> <p><i>Organisasies sonder winsoogmerk</i></p> <p><i>Uitgebreide openbarewerk-program</i></p> <p><i>Huishoudings</i></p> <p><i>Werknemerbystandsvoordele</i></p> <p><i>Ander oordragte na huishoudings: Beurse</i></p>	316 453	124 854	49 483	137 354	4 762		3 334	
7	<p>Gesondheidsorg-steundienste</p> <p><i>Om steundienste te lewer wat die Departement in staat stel om sy doelwitte te bereik.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide openbarewerk-program geïntegreerde toekenning vir Provinsies</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Huishoudings</i></p> <p><i>Werknemerbystandsvoordele</i></p>	439 099	268 332	142 447	689	27 631		2 473	
					689				

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
8	<p>Gesondheidsfasiliteitebestuur</p> <p><i>Om nuwe gesondheidsfasiliteite te verskaf en bestaande fasiliteite op te knap, op te gradeer en instand te hou, insluitende gesondheidstechnologie.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Gesondheidsfasiliteit-herlewingstoelaag</i></p> <p><i>Geoormerkte toekennings: Instandhouding</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Gesondheidsfasiliteit-herlewingstoelaag</i></p> <p><i>Geskeduleerde Instandhouding</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Hoëronderwysinstellings</i></p> <p><i>Universiteit van Kaapstad: Grootte Schuur-hospitaal: Rehabilitasie van Neurowetenskap Departement</i></p> <p><i>Organisasies sonder winsoogmerk</i></p> <p><i>Die Kinderhospitaaltrust: Fondse vir noodsaaklike pediatriese gesondheidsorgbehoefes soos die opgradering van geboue, aankoop van noodsaaklike toerusting</i></p>	R'000 815 463	R'000 57 649	R'000 346 901	R'000	R'000 15 000	R'000 395 913	R'000	R'000
									605 786
									329 583
									152 860
									60 000
						5 000			
						10 000			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
7	<p><b>Maatskaplike ontwikkeling</b></p> <p><i>Doel: Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplike ontwikkelingsdienste te verseker wat die armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes geleenthede gee en hulle bemagtig.</i></p> <p>Begrotingspos 7: Maatskaplike ontwikkeling</p> <p><i>Geoormerkte toekenning: Totale vergoeding van werknemers boonste limiet</i></p>	R'000 <b>2 106 974</b>	R'000 <b>752 769</b>	R'000 <b>183 896</b>	R'000	R'000 <b>1 138 533</b>	R'000 <b>31 776</b>	R'000	R'000 <b>845 587</b>
	<p>1 Administrasie</p> <p><i>Die program omvat die strategiese bestuur en steundienste op alle vlakke van die Departement, d.i. provinsiale-, streeks-, distriks-, en fasiliteit- of inrigtingvlak.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Departementele agentskappe en rekeninge</i></p> <p><i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i></p> <p><i>Huishoudings</i></p> <p><i>Werknemersbystandsvoordele</i></p>	199 813	155 507	32 566	557	11 183			
	<p>2 Maatskaplike Welsynsdienste</p> <p><i>Voorsien geïntegreerde ontwikkelingsmaatskaplike welsynsdienste aan die armes en kwesbares in samewerking met belanghebbendes en burgerlike gemeenskapsorganisasies.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Nasionale voorwaardelike toekenning:</i></p> <p><i>Maatskaplike werker werk toekenning</i></p> <p><i>Geoormerkte toekennings</i></p> <p><i>Persone met gestremdhede</i></p> <p>Oordragte en subsidies</p> <p><i>Organisasies sonder winsoogmerk</i></p> <p><i>Dienste aan bejaardes</i></p> <p><i>Dienste aan persone met gestremdhede</i></p> <p><i>Huishoudings</i></p> <p><i>Werknemersbystandsvoordele</i></p>	850 242	400 923	58 592	373 289	17 438			
					18			11 981	
					539			43 749	
					228 469				
					144 720				
					100				

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
3	Kinders en Families <i>Om omvattende kinder-, familiesorg- en ondersteuningsdienste aan gemeenskappe in vennootskap met belanghebbendes en organisasies in die burgerlike samelewing te verskaf.</i>	651 564	29 291	870		621 400	3		
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Nasionale voorwaardelike toekenning:</i>								
	<i>Voorskoolse ontwikkeling</i>								19 150
	<i>Geoormerkte toekennings: Na-Skool Spelwisselaar</i>								2 000
	<i>Vergoeding van werknemers</i>								192
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>								
	<i>Versorging en dienste aan families</i>					40 989			
	<i>Kinderversorging- en beskerming</i>					177 162			
	<i>Voorskoolse ontwikkeling en gedeeltelike sorgfasiliteite</i>					297 303			
	<i>Kinder-en jeugversorgingsentrums</i>					98 257			
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Plasing van kinders</i>					7 689			
4	Herstellende Dienste <i>Om geïntegreerde ontwikkelende maatskaplike misdaadvoorkomingsdienste en teen-dwelmmisbruikdienste aan die mees kwesbares in die gemeenskap te voorsien in samewerking met belanghebbendes en burgerlike organisasies.</i>	348 686	152 973	91 157		101 411	3 145		
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Departementele agentskappe en rekeninge</i>								
	<i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>					21			
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>								
	<i>Dwelmmisbruik, voorkoming en rehabilitasie</i>					59 992			
	<i>Misdaadvoorkoming en ondersteuning</i>					12 949			
	<i>Slagofferbemaatrigting</i>					27 744			
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Werknemersbystandsvoordele</i>					705			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
5	Ontwikkeling en Navorsing <i>Om volhoubare ontwikkelingsprogramme te voorsien wat bemagtiging van gemeenskaplike fasiliteer, gebaseer op empiriese navorsing en demografiese inligting.</i>  <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning:</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning:</i> <i>Maatskaplike Sektor Uitgebreide Openbare Werke Program</i> <i>Aansporingstoekenning vir Provinsies</i>  <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Armoede verligting en volhoubare voortbestaan</i>  <i>Ontwikkeling van die jeug</i>	56 669	14 075	711		41 876	7		
						28 628			
						13 248			15 938

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofdelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
8	<p><b>Menslike Nedersettings</b></p> <p><i>Doel: Om nedersettings te vestig wat goeie basiese en sosio-ekonomiese dienste bied.</i></p> <p><i>Om 'n reeks verhurings- en eienaarskapsopsies aan te bied in reaksie op die verskillende behoeftes en die inkomste van huishoudings.</i></p> <p><i>Om nedersettings deurlopend te verbeter deur 'n gesamentlike poging van landsburgers en die staat, ondersteun deur bydraes van die privaat sektor.</i></p> <p><i>Die Departement is verbind tot die versnelling van dienslewering, terwyl die Departement ook sosiale samehorigheid bevorder deur die ontwikkeling van geïntegreerde en volhoubare menslike nedersettings in 'n oop samelewing.</i></p> <p>Begrotingspos 8: Menslike Nedersettings</p> <p><i>Geoormerkte toekenning: Totale vergoeding van werknemers boonste limiet</i></p>	R'000 2 536 087	R'000 213 835	R'000 55 807	R'000	R'000 2 260 030	R'000 6 100	R'000 315	R'000 2 513 031
1	<p>Administrasie</p> <p><i>Om algehele bestuur aan die Departement te lewer in ooreenstemming met alle toepaslike wette en beleid.</i></p> <p><i>Waarvan</i></p> <p><i>Oordragte en subsidies</i></p> <p><i>Huishoudings:</i></p> <p><i>Werknemersbystandvoordele</i></p>	98 441	73 033	18 723	270	6 100	315	213 835	
2	<p>Behuisingsbehoefte, Navorsing en Beplanning</p> <p><i>Om beplanning oor behuisingslewering te fasiliteer en te onderneem.</i></p>	22 676	21 016	1 660	270				

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
3	Behuisingsontwikkeling <i>Om toelaes en behuisingsgeleenthede, waaronder toegang tot basiese dienste, aan begunstigdes te voorsien, ooreenkomstig die Nasionale Behuisingskode, 2009</i>	2 375 718	97 454	27 004		2 251 260			
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Ontwikkeling van menslike nedersettings</i>								2 226 758
	<i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide Openbare Werke Program Geïntegreerde Toekenning vir Provinsies</i>								3 374
	<i>Geoormerkte toekenning: Grootmaat infrastruktuur</i>								69 064
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Provinsies en munisipaliteite:</i>								
	<i>Provinsiale bydrae om behuisingslewering te versnel (Grootmaat infrastruktuur)</i>					55 700			
	<i>Akkreditasie bystand</i>					5 000			
	<i>Informeel nedersettingsbystand</i>					1 500			
	<i>Munisipale belasting en ander tariewe</i>					9 270			
	<i>Departementele agentskappe en rekeninge</i>								
	<i>Housing Development Agency (HDA)</i>					22 302			
	<i>Hoër onderwys instellings</i>								
	<i>Universiteit van Kaapstad</i>					950			
	<i>Organisasies sonder winsoogmerk</i>								
	<i>Cape Craft and Design Institute</i>					2 270			
	<i>Huishoudings</i>								
	<i>Werknemersbystandvoordele</i>					50			
	<i>Ontwikkeling van Menslike Nedersettings</i>					2 140 854			
	<i>Provinsiale bydrae om behuisingslewering te versnel (Grootmaat infrastruktuur)</i>					13 364			
4	Behuisingsbates Eiendomsbestuur <i>Om strategies, effektiewe en doeltreffende bestuur, afwenteling en oordrag van behuisingsbates te voorsien.</i>	39 252	22 332	8 420		8 500			
	<i>Waarvan</i>								
	<i>Oordragte en subsidies</i>								
	<i>Provinsies en munisipaliteite:</i>								
	<i>Munisipale belasting en ander tariewe</i>					8 500			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
<b>9</b>	<b>Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning</b> <i>Doel: Ter bevordering van 'n sterk volhoubare, gehalte en omvattende lewensomgewing ter ondersteuning van menslike welstand.</i>	<b>591 570</b>	<b>205 851</b>	<b>63 754</b>		<b>316 868</b>	<b>5 097</b>		<b>256 798</b>
	Begrotingspos 9: Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning  <i>Geoormerkte toekenning: Totale vergoeding van werknemers boonste limiet</i>								199 108
	1 Administrasie <i>Om die algehele bestuur van die Departement te behartig en 'n sentrale steundiens te lewer.</i>  <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i> <i>Huishoudings</i> <i>Beurse (Niewerknemers)</i>	65 689	52 540	9 584		35	3 530		
	2 Omgewingsbeleid, Beplanning en Koördinerings <i>Om die integrasie van omgewingsdoelwitte by nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsbeplanning te verseker, insluitende provinsiale groei en ontwikkelingstrategieë, plaaslike ekonomiese ontwikkelingsplanne en geïntegreerde ontwikkeling. Die program sluit oorkoepelende funksies in soos navorsing, departementele strategie, inligtingsbestuur en klimaatsveranderingsbestuur.</i>  <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Openbare korporasies en private besighede</i> <i>Openbare korporasies: Casidra MSB Bpk</i> <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>ICLEI</i>	21 059	14 403	5 604		1 030	22		
						630			
						400			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
		R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
